

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

Psalm 13:6 *"Ek hou vas aan U troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.*

Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het."

SAKE vir GEBED

*Loof die Here en dank Hom vir al jou seënige. Dank Hom vir hierdie dag waarin ons nou saam met die gemeente van Kraggakamma weer Sy opstanding kan vier.

*Dank ons Heer vir die lieflike reën wat geval het en ons bid en smee God vir milde reën waar dit so nodig is. Ons vra ook nederig dat die opvang-gebiede van ons stad reën sal kry.

*Ons bid vir almal wat siek is of 'n operasie ondergaan het. Bid veral vir Leon Nel wat baie siek is en vir sy vrou Antoinette en kinders.

*Dra vir Martyn Nel aan die Here op wat 'n driedubbele hartomleidings-operasie ondergaan het.

*Lizette Geldenhuys ontvang nog steeds behandeling.

*Bid asseblief vir Ina, oom Jan Schnetler se dogter wat longkanker het.

*Bid vir Dossie Nortje wat na 'n voetoperasie tuis herstel.

* Catharina Coetzee se broer is oorlede.

*Bid vir almal wat die Coronavirus opgedoen het en die hartseer familie en vriende. Bid dat 'n teenmiddel en medikasie daarvoor ontwikkel sal word.

*Dank die Here vir die EE3 Opleiding wat by Kleinskool Inisiatief plaasvind. Ons glo dat die 8 leiers en 3 kerkleiers groot werk vir die uitbreiding van Sy Koninkryk in daardie bedegbiede doen.

*Ons dank God vir al ons sendelinge wat so getrou antwoord op hul roeping. Ons dink veral aan Gerrit en Janine wat so baie vir die span van Egipte gedoen het.

Mag There4 Ministries met die vrugte van hul offerende liefde beloon word.

*****Christen-bekeerlinge in Afghanistan ondervind sterk druk van hul geliefdes. Bid saam vir moed en beskerming vir hierdie gelowiges wat in die geheim hul geloof moet uitleef.**

SONDAG 9 FEBRUARIE 2020

08:30 Eietydse diens en Kamma kidz

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

Baie geluk aan die volgende kerkraadslede wat vanoggend bevestig word: Jean-Mari Oberhölzer, Gert Harmse, Elizma Harmse, Niekie Oosthuizen, Gaynor Swanepoel, Johan Harmse.

Deurdankoffer is 'n Sinodale dankoffer vir Vrouebediening

Teebeurt vandag: Pronkertjie sel

WEEK VAN GEBED

Ons gemeente se Week van Gebed is van môre, 10 Februarie tot Woensdag 12 Februarie elke aand om 19:00. Almal is welkom om te kom saam bid. Ons gaan fokus op gebed en gebruik die Ons Vader-gebed as riglyn. Kom soos jy is. 'n Dankoffer word elke aand vir Diens van Barmhartigheid opgeneem.

MAANDAG 10 FEBRUARIE

12:45-14:00 Gebedsgeleentheid in die gebedskamer.

19:00 Week van Gebed.

DINSDAG 11 FEBRUARIE

19:00 Week van Gebed.

WOENSDAG 12 FEBRUARIE

19:00 Week van Gebed.

DONDERDAG 13 FEBRUARIE

Aand van genade vir die jongmense wat belydenis van geloof aflê. Hulle ouer/s word ook uitgenooi na die spesiale geleentheid.

VRYDAG 14 FEBRUARIE

MANNEBYEENKOMS

05:00 Ons kom by Elandré Bosch, Lilylaan 68 bymekaar. Al die manne, ook jongmanne, is welkom.

SONDAG 16 FEBRUARIE

09:00 Gesamentlike diens: Belydenisaflegging.

Die volgende jongmense lê volgende Sondag belydenis van geloof af:

Ina Botes, Jean-Mari Mulder, Jané Nel, Dylan Opperman, Liné Redpath, Linzi Scholtz, De-Leon Strydom, Chantené van Biljon, Carika van Heerden en Rhenoldu van Niekerk.

Melissa Hamilton en Juan van Rooyen lê op 8 Maart belydenis van geloof af.

Vandag is Biddag vir opvoeding en onderwys. Sake waarvoor gebid kan word:

- * Die ministers van Onderwys, plaaslike onderwysstrukture.
- * Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde en onderwysers, dosente, ouers en leerders.
- * Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers, ouers en leerders.
- * 'n Fokus op gemeentelike betrokkenheid by die onderwys.
- * Voorbidding vir werklose jongmense.

MATRIEKUITSLAE 2019

Die gemiddelde slaagsyfer van 81,3% teenoor 78,29 in 2018 is inderdaad iets om te vier. Daar word bereken dat in 2019, 470 000 minder leerlinge matriek geskryf het as wat begin het in 2018. Net 409 906 het geslaag van die aanvanklike 1 090 254 wat graad 1 begin het. Die uitvalsyfer is uiters onrusbarend.

Comprehensive Sexuality Education

Die kwessie van seksonderrig op skool het wye reaksie uitgelok. Min inligting is bekend oor die inhoud en verpakking van dié tema in die kurrikulum.

Basic Education Laws Amendment Bill

Die nuwe voorgestelde weergawe is gedurende Desember 2019 beskikbaar gestel. Die weergawe is in sekere opsigte beter as die 2017-weergawe, maar dit bevat nog steeds kommerwekkende bepalings. Onder andere word voorgestel dat beheerliggame se bevoegdheid om betrokke te wees by die aanstelling van skoolhoofde en adjunkhoofde weggeeneem word.

VROUE AFSKOP – DINSDAG 18 FEBRUARIE OM 18:30 IN DIE KERKSAAL.

Kom luister na Mariëtte Dreyer.

Tema: LAG, DANS, BID.

Mariëtte is ma en jeugwerker van Humansdorp. Sy sal jou aanspoor met woema en 'n huppel in elke ma (en ouma) se stap sit.

Fonteinvriende 27 Februarie

Datum: 27 Februarie

Tyd: 09:30 in die kerksaal

Fonteinvriende nooi almal uit na 'n oggend saam met **Yoti die Griekse boertjie**. Hy sing ligte Afrikaanse liedjies met 'n Griekse aanslag.

Daar sal heerlike verversings aangebied word.

Daar is nie 'n toegangsfooi nie, maar wel 'n vrywillige kollekte.

MATHYS ROETS OPTREDE 2 8 FEBRUARIE OM 19:00

Bring 'n piekniekmandjie en kom luister na Mathys Roets in Kraggakamma kerksaal.

Kaartjies is R120 per persoon en kan voor en na eredienste gekoop word in voorportaal van kerk, asook gedurende die week by die kerkkantoor.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar.

Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

VERVOER GESOEK

Die afrigter van 'n swemskool in Sherwood het aangebied om een keer per week gratis swemlesse vir drie kinders en 'n volwassene van Groenbossies Place of Hope, te gee.

Ons soek mense wat bereid is om hulle een keer per week by Groenbossies op te laai en terug te neem.

Dit sal in die namiddae na skool wees.

Die swemlesse is gewoonlik 'n halfuur lank en die persoon kan somer by die swemplek wag om hulle weer huis toe te neem.

Kontak Anita by (072 210 1871) indien jy bereid is om te help asseblief.

Maart Malligheid word Julie Jolyt -

As gevolg van verskeie botsing is daar besluit om hierdie pret-aand joligheid na 31 Julie te skuif. Dit sal almal wat wil deelneem meer kans gee om te beplan en te oefen. Ons sal nader aan die tyd meet informasie deurgee.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..